Lettie Fouché Skool

GELOOF EN LIEFDE

Geagte Kerkraad

Lettie Fouché-skool vir verstandelik erg gestremde kinders het u hulp dringend nodig. Ons neem in beskeidenheid die vrymoedigheid om by u aan te klop omdat bykans al die gemeentes in die Vrystaat van tyd tot tyd 'n kind of 2 het wat Lettie Fouché se dienste benodig. Ons loods 'n fondswerwingsprojek met Juanita du Plessis in 'n poging om ons finansiële tekort vir 2018 aan te spreek. Dit is vir ons uiters belangrik dat ons 'n klinkende sukses van hierdie projek maak. Met u kerk/gemeente se hulp sal dit haalbaar wees.

Hoe kan u help (asb.)?

- Hiermee saam vind u 'n advertensie wat op u grootskerm en/of by Sondae se afkondigings ingesluit kan word.
- Hier volg 'n sms - teks wat ons u mooi vra om asb. op die bulk-sms van u gemeente uit te stuur, dit sal werklik baie help.

<u>BULK SMS</u>:

Lettie Fouché-Skool loods 'n fondswerwingsprojek om kop bo water te probeer hou. Juanita du Plessis in die Kovsiekerk, 3 November 18:30 vir 19:00. Kaartjies te koop by Computicket teen R90. per sitplek. Help ons asb. om ons gestremde kinders te help - koop nou jou kaartjies en "forward" asb. hierdie sms aan al jou vriende / kennisse. Baie dankie.

U hulp in dié verband word opreg waardeer.

Vriendelike Groete,

Mnr. DS Hugo
Skoolhoof

Baie Dankie ~ Thank You